

PREDIKANTE

Ds. Anton Dednam
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

Ds. Danie Potgieter
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

SKRIBA
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

DIAKONIE
Diaken Annamarie
van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

**OPERASIONELE
BESTUURDER**
Ouderling Thomas
Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

SUSTERS
Sr. Inneke Dednam
081 750 6468
gkrietvalleisusters
@gmail.com

FINANSIES
Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

ADMINISTRASIE
Diaken Karen de
Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

KOSTER
Ouderling Thomas
Coetsee
061 197 3695

ORRELIS
Sr. Christine v. Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.
co.za

ELJADA
eljada@gkrietvallei.co.za

Eljada

Die Here voorsien

Vertel en Leef die Goeie Nuus

“Ek was bly toe hulle vir my gesê het: “Kom ons gaan na
die huis van die Here toe.” PSALMS 122:1



4 Oktober 2026

WOORDBEDIENING

OGGENDDIENS om 09:15

Psalm 147: 1, 3 en 4
Psalm 102: 1 en 5
Psalm 102: 9, 11 en 12
Psalm 105: 4 – 6
Psalm 78: 3 en 4

Skriflesing: Hebreërs 1:1 - 2:4
 Josua 24: 14 - 24
 Rigters 2: 1 - 12

“¹¹Dié dinge sal vergaan, maar U bly bestaan; soos 'n kledingstuk sal alles verslyt; Hulle sal vergaan, maar U bly bestaan. Soos 'n kledingstuk sal hulle almal verslyt, ¹²en soos 'n mantel sal U hulle oprol; soos 'n kledingstuk sal hulle vervang word, maar U bly dieselfde, en u jare sal nie tot 'n einde kom nie.”

Hebreërs 1:11-12

“Daarom moet ons soveel te meer aandag gee aan dit wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdryf nie.”

Hebreërs 2:1

**Tema: Van geslag tot geslag: Waak teen
 wegdrywing, hou vas aan die
 onveranderlike God.**

DOOP:

Baie geluk aan br. Jan-Jan en sr. Emetia de Beer (A22) wat vandag hulle babaseun Andries ten doop hou. Baie geluk en welkom aan al die grootouers asook familie en vriende wat die geleentheid bywoon.

WOORDBEDIENING

AANDDIENS om 18:00

Psalm 66: 1, 2

Psalm 66: 7, 9

Skb. 45(18-7): 1, 8, 9, 11, 12

Skriflesing: Hebreërs 7: 1-17
NGB Artikel 21

“¹⁸Melgisedek, die koning van Salem, het brood en wyn gebring. Hy was 'n priester van God, die Allerhoogste. ¹⁹Hy het Abram geseën en gesê: “Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, skepper van die hemel en die aarde. ²⁰God, die Allerhoogste, moet geprys word, Hy wat jou teenstanders in jou hand oorgelewer het.” Abram het toe vir hom 'n tiende van alles gegee.”

Genesis 14:18-20

Tema: Priester volgens die orde van Melgisedek.

Die volgende lidmate word vanaand tydens aanddiens bevestig as:

Ouderling:

Gert van Rooyen (D17)

Diakens:

Charl Venter (A02)

Cobus Swart (A06)

Louis Strydom (D17)

**BAIE GELUK**

Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.

*Sr. Tina Knox (D21) vier DV 06 Oktober haar 94ste verjaarsdag
Sr. Gloria Ackerman (D35) vier DV 07 Oktober haar 88ste verjaarsdag.
Br. Dries Myburgh (D35) vier DV 07 Oktober sy 91ste verjaarsdag.
Br. Wimpie Venter (A12) vier DV 07 Oktober sy 81ste verjaardag.
Sr. Rika Klopper (A20) vier DV 10 Oktober haar 81ste verjaardag.*

Ons bid vir hul in besonder, maar ook vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.

*“Om ons lewensdae na waarde te skat – dit moet U ons leer, sodat ons 'n hart vol wysheid kan verwerf.”
Psalms 90:12*

BELYDENDE LIDMATE

04 Okt	Heiletje Coetzee	0825697324	A24
04 Okt	Engela Schlemmer	0835557762	A10
04 Okt	Marié vd Merwe	0732461189	A16
05 Okt	Carli van Niekerk	0765439897	A16
04 Okt	Heiletje Coetzee	0825697324	A24
04 Okt	Engela Schlemmer	0835557762	A10
04 Okt	Marié vd Merwe	0732461189	A16
05 Okt	Carli van Niekerk	0765439897	A16
05 Okt	Lucia van Wyk	0833840542	D33
06 Okt	Tina Knox	0828538479	D21
07 Okt	Gloria Ackerman		D35
07 Okt	Lourene Botha	0820737303	A26
07 Okt	Dries Myburgh	0722030061	D35
07 Okt	Louwna Pelser	0826537537	A14
07 Okt	Wimpie Venter	0823762865	A12
08 Okt	Corlia Oberholzer	0824514911	A22
08 Okt	Anneke Pretorius	0829094620	A02
08 Okt	Casper Vos	0609607258	A04
09 Okt	Carli Steenkamp	0665316259	D05
09 Okt	Dominique White	0612553560	A16
10 Okt	Mariaan Blattes	0848741018	A28
10 Okt	Jeandrè du Preez	0732771226	D25
10 Okt	Rika Klopper	0825664348	A20
10 Okt	Danielle v Niekerk	0795222023	D07

DOOPLIDMATE

05 Okt	Talitha Stoker-Braun		A08
10 Okt	Andre Joubert		A16

Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:

- Sr. Janie Venter (A02) se pa was in 'n ernstige motorongeluk en word in Wilgeheuwel-hospitaal behandel.
- Br. Gerhard Borstlap (A32) is ontslaan en sterk tuis aan.
- Br. Wessel Wessels (A02) se ma het 'n terugslag gehad en is oorgeplaas na HSE waar sy nog toetse ondergaan.

Baie geluk:

Br. Louis en sr. Ria Vorster (A32) vier DV 5 Oktober hulle 52ste huweliksherdenking.



Inligting



Kollekte by
deure vir
**KING'S HOPE
STIGTING**



Kollekte onder die
diens gaan vir die
barmhartigheds-
diens van die
diakens

King's Hope poog om die impak van MIV/VIGS op die gemeenskap te beperk. Ondersteuning sluit MIV-toetsing, berading, pasiënte-sorg en kospakkies in. Geestelike versorging sluit dagopenings en Bybelstudies in.

Baie dankie vir u bydrae.

RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE

Kerkkas: Rekeningnommer:
34 9014 4306 Gebruik asb.
verwysing: WYK VAN NAAM

Diakonie: Rekeningnr: 40 5113 8620

Susters: Rekeningnr: 40 9473 9097

Franse mediabediening: 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA-takkode:
632 005

4 – 10 Oktober

VANDAG – 4 Oktober

Skinkbeurt: Vrywilligers

MAANDAG – 5 Oktober

Pluimbal: 16:00 – 20:00

Bybelstudie vir jongwerkendes en studente:
18:00 (Biblioteek)

DINSDAG – 6 Oktober

Susters Bybelstudie: 20:00 (Aanlyn)

WOENSDAG – 7 Oktober

Pluimbal: 16:00 – 20:00

DONDERDAG – 8 Oktober

Gemeente Bybelstudie: 09:00 (Saal)

VRYDAG - 9 Oktober

Bybelstudie: Vroegoggendvolgeling: 06:00
(Aanlyn)
Koinonia 17:00 – 21:00

Aktiwiteite hierdie week



Inligting

GKR

RAAK BETROKKE Susters DIENSGROEPE

SAAM DIEN ONS MET LIEFDE
ELKE GAWE MAAK 'N VERSKIL

VERVERSINGS EN DEKOR

by funksies
(Kerssangdiens/
Paasdiens ens)



ETES IN NOOD

Maak en laai etes af
vir mense wat deur
moeilike tye gaan



TEESKINK KOÖRDINEERDER

Reël met die
wyke om tee te
skink



VERVERSINGS TYDENS KERK- RAADSVERGA- DERINGS

Bedien en maak van
verversings



SUSTERS DIAKONALE ONDERSTEUNINGS GROEP

Ondersteun met
diakonale aksies



Dankie vir
jou tyd, liefde
en getroue
diens!



VIR MEER INLIGTING RONDOM ELKE GROEP
VOLG DIE SKAKEL HIERONDER



SLUIT AAN VIA DIE
GKR GEMEENSAP OP WHATSAPP →

Saam bou ons God se Koninkryk





GKR-WYNPROE SAVE THE DATE!



21 NOVEMBER
2026
16:00 - LAAT



KOM HELP ONS OM
DIE 40-JAAR
FEESWYN TE KIES!



MEER INLIGTING VOLG LATER!
KONTAK GERUS DOREEN BIERMANN
079 189 9422



Onthou die Datum

— 29 November 2026 —

Hoekom?

Ons vier die geboorte
van Christus!

Hou jy van sing?

Kom sing saam in ons sanggroep ter
voorbereiding van ons Christusfees

Ons oefen Sondag 16:30



Aanlyn Veiling 3.0

Hi!
Ek is Kappie.

31 Oktober 2026

WAT KAN ALLES GESKENK WORD?



Kinderprodukte



Skoonheid



Akkommodasie



Meubels



Jag-pakket



Rally-ritte



Foto-sessie



Vleis verwerking



Klavier-lesse



Sport toerusting



HOE SKENK EK?


Vul net die Google Form in met jou produk/diens se inligting.

Skakel en QR-kode is op die plakkaat onder die afdak.

Kontak ons gerus met navrae:
Thomas Coetsee 061 197 3695 /
thomas@gkrietvallei.co.za



Geen wit-olifante nie asseblief.



WIE MAG AANSLUIT EN BIE?

Almal wat wil bie sluit aan by ons veiling se WhatsApp-groep.

Die QR-kode vir die WhatsApp groep:
Ook beskikbaar op die plakkaat teen die muur onder die afdak.



Dankiel

HOU DIE ELJADA DOP VIR MEER INLIGTING





Gemeente-aksies

Kom ons help!



Ons gemeente doen 'n donasie-inisiatief vir die gemeente van Ramotse.

Skenk asseblief die volgende items:



Olie



"Baked beans"



Tuna

Dankie vir jul vrygewigheid!



Plaas asseblief jou donasie
in die **mandjie** in die
ingangsportaal.



Koinonia

Gesin-kuier-aande

Vrydae 17:00-21:00

**ALMAL
WELKOM!**



Waar die HERE sorg en voorsien!

Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont, Tel: (012) 377-0503 / 0670846792 (Petro)

info@eljadahuis.org.za / kontak@eljadahuis.org.za

NUUSBRIEF (9) 30 SEPTEMBER 2026



Goeie dag almal

Dit is 'n voorreg en absolute genade om weer te kan terugkyk oor die afgelope weke en ons opnuut besef hoe getrou die Here is en hoeveel Hy deur elkeen van julle gebede, ondersteuning en donasies vir ons deure oopgemaak het.

Ons kan dit nie genoeg sê nie: BAIE BAIE DANKIE!!

ONS VOERTUIGFONDS

Ons is ONGELOOFLIK dankbaar om te kan sê dat ons voertuigfonds tans op R218,670 staan! Ons kort nog net sowat R102,000 en elke bydrae bring ons 'n tree nader aan 'n betroubare voertuig wat vir Eljada Huis 'n enorme verskil sal maak.

Ons wil elke persoon wat tot dusver aan hierdie fonds bygedra het, uit die diepte van ons harte bedank. Ons waardeer elke bedrag, groot of klein, en bid dat die Here elkeen ryklik sal seën vir julle onbaatsugtige hulp.

ONS GESINNE

Eljada Huis ondersteun tans 16 gesinne bestaande uit 42 lede. Ons is dankbaar om 'n pad saam met hierdie gesinne te kan stap, nie net om nood te verlig nie, maar ook om hulle weer hoop en waardigheid te gee in soms baie moeilike en ondraaglike omstandighede.

ONS BEHOEFTE

Ons wil graag hulp vra vir die volgende dringende behoeftes:

Wasmasjien, dubbelbed, mikrogolfoond asook 'n "cemote".

Elke maand bly steeds 'n uitdaging met onbederfbare kosse en toiletware en is ons ONGELOOFLIK dankbaar vir gemeentes wat ons ook hierin bystaan. Dit maak werklik waar 'n groot verskil met die versorging van ons gesinne.

Enige hulp is altyd welkom en sal opreg waardeer word!!

ONS KOEKIE- EN BESKUITPROJEK

Ons het tans 5 baksters wat baie hard werk om bestellings te bak en betyds gereed te kry vir aflewering. Neem asb kennis van ons verskillende tipes beskuit wat onlangs bygekom het: Glutenvry "plain", Glutenvry met cranberries, neute met of sonder klapper, Glutenvry sonder suiker, Suikervry met cranberries, Suikervry met cranberries en dadels, Muesli suikervry of met stevia.

Die feesseisoen is om die draai en ons wil almal asseblief aanmoedig: ONS BESTELLINGS SLUIT EINDE NOVEMBER - BESTEL NOU ALREEDS VIR DESEMBER! Van middel Oktober af raak dit druk besig en ons wil graag niemand teleurstel nie. Ons is baie opgewonde en tans besig om aan ons Kersfeesverpakking te werk wat kan dien as geskenke vir vriende, familie, werkskollegas ens. Ons hoop om binnekort die verskillende opsies en pryse met julle te kan deel. Vir bestellings of navrae, stuur gerus 'n whatsapp na 0670846792 of epos by petro@eljadahuis.org.za.

KERSFEES IS OM DIE HOEK

Mens kan dit skaars glo, maar ons is reeds besig om vooruit te beplan vir die behoeftes wat gewoonlik hierdie tyd van die jaar ontstaan.

Ons sal eersdaags ons skryfbehoefte vir die skoolkinders vir 2027 deurgee asook die behoeftes bekend maak vir ons Desember kospakkies vir borge en ondersteuners wat, soos elke jaar, graag 'n gesin wil help.

NOGMAALS BAIE BAIE DANKIE AAN ALMAL!!

Mag die Here elkeen van julle wat op enige manier by Eljada Huis betrokke is, ryklik seën. Ons weet ons kan nie hierdie werk uit ons eie krag doen nie en is ons so afhanklik van Hom wat deur mense soos julle elke dag voorsien en ons hande sterk maak. Ons waardeer elkeen van julle OPREG!!

Met baie liefde en waardering

Petro en die Eljada-Huis-span.

Evangelisasie: Ps 72:13 / Diensbaarheid: Deut 15:11 / Verligting / Opleiding: Efs 4:28

GKSA-nuus:

Beroepe aanvaar:

Proponent MP (Petrus) Malindi na GK Phiritona (Heilbron).

Proponente beroepbaar gestel:

- ❖ Proponent Dr. Godwin en Loraine Mushayabasa, Sel: 072 844 6754
E-pos: mhuriyashe@gmail.com
- ❖ Proponent Thapelo Diphoko, Sel: 078 181 0138,
E-pos: thapelowadiphoko15@gmail.com
- ❖ Proponent Mukesh Kumar, Sel: +27773945171
E-pos: kumarnwusa@gmail.com
- ❖ Proponent Koketso en Maatlametlo Lepodise, Sel: 073 717 4394
E-pos: koketsolepodise@gmail.com
- ❖ Proponent Werner en Gerda van den Heever, Sel: 064 627 3223
E-pos: werries74@gmail.com

Meelewing:

Met leedwese maak ons bekend dat Dr. AH (André) Grové, emerituspredikant van GK Klerksdorp-Noord, op 25 September 2026 oorlede is. Dr. Grové was predikant by GK Pietersburg-Suid van 1977-1981, GK Secunda-Oos van 1981-1990 en GK Klerksdorp-Noord van 1990-2010 waarna hy geëmeriteer het. Ons innige meelewing met sy eggenote Hettie, kinders, kleinkinders en ander geliefdes.

Hartlike gelukwense aan:

- Ds. Irving en Kayla de Swardt van GK Komatipoort met die geboorte van hul seuntjie, Timoteus, op 19 September 2026.
- Ds. Alistair en Indica van Heerden van GK Nigel met die geboorte van hul seuntjie, Johannes Dawid (Hanno), op 24 September 2026.
- Ds. Ruan en Zonika Steyn van Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati met die geboorte van hul dogtertjie, Aliyah, op 30 September 2026.